

24 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 8:1-22

Jesus genees verskeie siektes

Jesus genees nie siekes om daardeur te wys dat Hy nie wil hê dat ons moet siek word nie. Jesus se genesings is preke in dade. Hierdeur openbaar Jesus wie Hy is. Hy openbaar sy genade aan die verlore nes en uiterste siekes. Hy betoon Sy verlossende genade aan melaatses, heidene en aan Petrus se skoonmoeder.

Die melaatse oortree die streng kode dat hy moet loop en skreeu dat hy onrein is, sodat mense nie naby hom moet kom nie. Hy kom kniel voor Jesus en smee om genesing. Jesus gaan so ver dat Hy hom aanraak en sê dat hy gesond sal word. Daardeur het Jesus gewys dat Hy die dodelike siekte kan genees, sonder om self besmet te word. Die offisier se slaaf wat moontlik 'n heiden was, word slegs op die woord van Jesus Christus – oor 'n groot afstand – gesond gemaak vanweë sy offisier se onwrikbare geloof in Jesus. Petrus se skoonmoeder se genesing lyk na 'n klein gebeurtenissie, maar dit het veroorsaak dat 'n groot menigte siekes na Jesus gebring het.

In hierdie gedeelte word nie geopenbaar dat Jesus almal fisies wil gesond maak nie, maar dat almal wat Jesus aanroep en in Hom glo, verlos en gered sal word. So het Jesus ons almal se sonde aan die kruis op Hom geneem. Ons siektes het Hy gedra. Hy het vir ons gely. Hy het vir ons die genesing van sondes gebring en daardeur die ewige lewe verwerf.

Sing: Skrifberyming 6:2

Ds GS Kruger (Centurion)